


INSTITUUT VIR EIETDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Publikasie
nr.
0121811

Datum
1979

Onderwerp
nr.
086

Dokument
nr.
1211213

3 MAR 1979

DIE TRANSVALER

Jg..... Nr.....

P..... Dat.....

Spesiale risiko's lok dalk R40m.

Amanda Botha

KAAPSTAD — Die daarstelling van 'n spesiale assuransie-skema om vanaf April verlies of skade vooruitspruitend uit onluste en ander politieke aksies te hanteer, kan sowat R40 miljoen per jaar in nuwe brand- en motorpremies oplewer.

In kommentaar op die Minister van Finansies, sen. Owen Horwood, se aankondiging dat die Suid-Afrikaanse versekeringsvereniging vir Spesiale Risiko's (SASRIA) vanaf 1 April 1979 in staat sal wees om dekking te verskaf, sê mnr. Doug Terril, die assistent-hoofbestuurder van Southern-Versekeringsassosiasie beperk. Sy organisasie verwelkom hierdie ontwikkeling, aangesien daar

nou meer helderheid oor dié omstrede probleem is.

Hy glo dat diesulkes wat werklik die tipe dekking nodig het, nou in 'n posisie is om dit teen redelike premies te bekom.

'n Skedule van SASRIA wat pas bekendgemaak is, toon bv. dat premies van private residensiële aard binne enige nie-blanke gebied 'n koers van R1,25 per R1 000 in waarde sal hê. Risiko's van 'n suiwer residensiële aard elders sal 'n koers van 25c per R1 000 hê.

Dit is die toepassing op skade anders as aan motorvoertuie en afslag sal gegee word vir hoër waardes.

Die regulasies vereis dat nuwe dekking gekoppel moet wees aan 'n bestaande onlusdekking as sulks beskikbaar sal wees.

Vir private motors en motorfiets is 'n premie van R6 per jaar van toepassing vir waardes tot en met R15 000. Waar die waarde oorskry word, is dit R8.

Vir voertuigvlote sal die premies bereken word op die waarde van alle voertuie teen 'n koers van 50c per R1 000 in waarde, wat toeneem tot 75c vir busse.

Mnr. Terrill verwag nie kwaai mededinging vir sy nuwe besigheid in die bedryf self nie, aangesien dit lyk asof daar meer bestendigheid aan die politieke front is.

Maar dit sal Southern-Versekeringsassosiasie in staat stel om aan polisshouers 'n vollediger versekeringspakket te bied.

Sy maatskappy sal nou voortgaan om komperlyste van elke polisshouer van versekering teen brande voor te berei en dit aan Southern se makelars verskaf. Die polisshouers sal dan die verdere dekking aangebied word.

Hy verwelkom die aandeel van die staat, wat as herversekeraar sal optree. Die ooreenkoms is uniek in die sin dat dit samewerking met die private sektor insluit, aangesien die korttermynversekeraars wat lede is van SASRIA, in staat sal wees om die skema op 'n professionele grondslag te bestuur.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10